

Nieuwe Aanwinstes



GESKIEDENIS:

Sewe waardevolle historiese voorwerpe is onlangs vanaf die Vrystaatse Argiefbewaarplek na die Nasionale Museum oorgeplaas, naamlik 'n stel Republiekkeinse mate (boesel, gelling en half-gelling) van die Oranje-Vrystaat, 'n swaard wat na alle waarskynlikheid aan President Brand behoort het en drie ampskettings uit die tyd van die Oranjerivier Kolonie. Die een hiervan wat gebruik is deur die "Sargeant-at-Arms" is afgebeeld op die meegaande foto. Die ander twee wat deur die bodes van die Volksraad gebruik is verskil ietwat van hierdie een.



ETNOLOGIE:

Die volle mondering asook die kraleviersierings wat 'n Xhosaman dra as hy gaan kuier, is onlangs deur mnr. en mcv. L. L. van Schaikwyk, van Hamburg, Port Elizabeth, aan die Museum geskenk. Dic kralewerk daarop is besonder treffend aangesien elke stuk 'n bepaalde liefdesboodskap dra en eintlik prestige-items is. Die tabaksak — wat van die volledige vel van 'n boerbok gemaak is — en die kunstig-versierde kombers kon slegs deur ie mand met wie die Xhosa op baie goeie voets verkeer, verkry word. Hierdie voorwerpe word tans in die voorportaal uitgestal.


Die Eiervreter

Die eiervreters is 'n merkwaardige groep slange wat behoort aan die sub-familie, Dasypeltinac. Van die vier spesies in Suider-Afrika word slegs die gewone eiervreter *Dasypeltis scabra* in die Vrystaat aangetref. Die gemiddelde lengte van hierdie nie-giftige slang is 762 mm (2½vt.).



1 Initiation of ingestion process.

Die eiervreters is hoogs-gespesialiseerd en lew uitsluitlik van voeliers. 'n Aantal nekwerwels besit aan die onderkant skerp, harde uitsteekels wat tot in die slukderm steek. Nadat 'n eier ingesluk is, fungeer hierdie uitsteekels as tande en word die eierdop daarmee stukkend gesaag.



3 The pierced egg has been crushed and partially emptied.

Die eiervreter word dikwels verwaa met die giftige nagadder *Causus rhombatus* as gevolg van die ooreenstemmende velpatroon en aggressiewe houding waartydens skubbe teen mekaar geskuur word om 'n blaas-geluid te veroorsaak.

Dis egter maklik om tussen hierue siangoorte te onderskei. Die nagadder het 'n duidelike V-vormige merk op die kop terwyl die eiervreter 'n soortgelyke merk op die nek het.

SOME RECENT

PUBLICATIONS

OF THE

NATIONAL MUSEUM

Memoirs

No. 5. Sampson, C. G. The Smithfield Industrial complex. Further field results. 1970. pp. 1-172.

No. 6. Sampson, C. G. The Stone Age Industries of the Orange River Scheme and Southern Africa. In press.

Researches

2 (10). van Heerden, J. W. A. A revised catalogue system for the Karoo fossil vertebrates in the National Museum. In press.

2 (10). van Heerden, J. W. A. Intraspecific variations and growth changes in the Cynodont reptile *Thrinaxodon liorhinus*. In press.

2 (10). Bonaparte, J. F. *Pedeticosaurus levior* van Hoopen, a probable Protosuchian. In press.

2 (10). Foull, G. Extinct Bovine on rock engraving. In press.



2 Egg in position with the gular "teeth" being brought into action for breaking the shell.



4 Ejection of the empty shell.